



## Ek lewe, al het ek gesterwe

### Teks vir die preek:

*“...want U sal my siel aan die doderyk nie oorgee nie; U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie. U sal my die pad van die lewe bekend maak ...”.*

**Psalm 16:10-11a**

P Venter

© by skrywer - 2013  
[www.christelikebiblioteek.co.za](http://www.christelikebiblioteek.co.za)

### Liturgie

1. Votum en seëngroet
2. Sing Psalm 16:1
3. Wetslesing
4. Sing Psalm 16:2
5. Gebed
6. Skriflesing: Psalm 16
7. **Teks: Psalm 16:10-11a**
8. Preek
9. Sing Psalm 16:3
10. Gebed
11. Kollekte
12. Sing Psalm 16:4, 5
13. Seën

Geliefde broeders en susters in Christus,

Petrus preek op Pinkstersondag, Psalm 16 (vgl. Handeling 2:25-31). Broeder en suster, watter aangrypende Psalm, waar Dawid as hy deur Saul vervolgt word, hy naderhand in alle hoeke van hulle klein landjie vasgekeer voel. 1 Samuel 26 bring vir ons by Dawid se omstandighede in hierdie Psalm uit. Dawid se grootste verwyt aan Saul, dat jy verdrywe my, sodat ek *my nie kan aansluit by die erfdeel van die Here nie* (1 Samuel 26:19). Dit is vir Dawid die swaarste, hy wil die erfdeel van die Here, die volle gemeenskap met God ontvang, maar gedurig word hy in sy diens aan die Here opgejaag en rondgejaag. Saul ontnem Dawid die lewe wat Dawid in die verbond wil lewe, wat vir hom mooi is, wat vir hom uitgemeet is, meetsnoere wat op lieflike plekke kon voel, maar wat doen Saul? Saul wil my die grense van ons land uitjaag maar dan is die woorde in Psalm 16 die woorde wat Petrus op Pinksterdag in sy preek aangryp - Dawid roep dit uit - *Ek stel die Here altyddeur voor my* - ... en dan in besonder die laaste vers - *U sal my die pad van die lewe bekend maak; versadiging van vreugde is voor u aangesig, lieflikhede in u regterhand, vir ewig.*

Midde-in die omstandighede waar Dawid met die dood gekonfronteer staan, besing Dawid die lewe. Hy sing 'n opstandingslied. Psalm 16 moet ons aangryp as die Psalm wat ons in alle omstandighede altyddeur met die Here by jou kan lewe. Elke deel van die Psalm wil in die Here die lewe besing- DIE HERE SAL MY BEWAAR (v.1), EK BEHOORT AAN DIE HERE- die Here is my goed (v.2), DIE HERE ONDERHOU MY LOT – Hy is my lewe, Hy sorg vir my, *Hy is die deel van my erfenis en van my beker* (v.5) en die laaste deel begin by v.8- EK HET DIE HERE ALTYD BY MY - of soos Dawid dit stel - *Ek stel die Here altyddeur voor my...*

Al sal Dawid dan doodgemaak word, dan is die gelowige mens dié een wat lewe deur die dood heen. Dit laat ons dink aan 'n ander Psalm van Dawid - die bekende Psalm 23 - so sing ons dit ook - *nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking, omdat u staf my troos is en verkwikking.*

\*\*\*

As Petrus op Pinkstersondag juis hierdie spesifieke Psalm preek, dan het Petrus die lewe van drie kante in die oog. Petrus kyk na **Dawid se graf**, maar vanuit Psalm 16 wys Petrus na **Christus se graf**, maar ook vanuit Psalm 16, praat Petrus **oor ons graf**. Drie grafte, 'n graf wat ons gewoonlik aan die dood verbind, maar op Pinksterdag is Petrus vanuit die lewendmakende en lewewekkende Gees rondom dié drie grafte besig om die lewe te verkondig.

\*\*\*

Petrus laat Dawid in Psalm 16 dit self sê - EK LEWE, AL HET EK GESTERWE. Dit moet almal by **Dawid se graf** duidelik hoor. As die Jode by hierdie graf kom staan, dan moet hulle Psalm 16 met die Gees van Pinkster lees. Die Heilige Gees is uitgestort op die dag wat Petrus hier preek en vir Petrus kan Dawid alleen lewe as hy as profeet gesien word. Dawid het profeties opgetree toe hy Psalm 16 geskrywe het, want die woorde van Dawid - dat die Here *aan sy regterhand is*, dat hy *nie*

*sal wankel nie en veral dan vers 10 – U sal my siel nie aan die doderyk oorgee nie, U sal nie toelaat dat U gunsgenoot verderwing sien nie...* Dit is woorde wat alleen verstaan en ontsluit kan word as Dawid se graf en die tweede graf, Christus se graf bymekaar geplaas word.

\*\*\*

As die Jood vir wie Petrus preek, sou meen dat Dawid sonder Christus só oor die lewe kan preek, dan moet hulle eintlik hulle koppe laat lees. Moenie Dawid se graf eenkant laat lê, of anders moet nie by Dawid se graf vassteek nie. Gestel die Jood gaan kyk na Dawid se graf, wat hulle graag doen, want Dawid is vir hulle baie belangrik, dan is daardie graf van Dawid 'n hopelose klomp klippe en bene daar bymekaar. Dawid sou op geen manier in Psalm 16 só oor die lewe kon sing, as die lewe van hom wat Dawid is, sou afhang nie. Dawid in sy Psalm besing juis dié lewe, die lewe in sy voluit, selfs die lewe deur die dood heen, maar hoe kan Dawid dit regkry.

Petrus wil op Pinkstersondag dit aan die Jode se ore vasknoop. Psalm 16 beskrywe Dawid met sy profetiese vêrgesig sy eie lewe en sy eie lot vasgekoppel aan die lewe van Jesus Christus. In Christus roep Dawid dit uit - my lot - *U onderhou my lot* (v.5). Die tweede graf in Petrus se preek is 'n oopgemaakte graf, is 'n leë graf, is 'n graf wat ons daar kan gaan inkyk en daar is niemand daarbinne nie. **Dit gaan om Christus se graf.** So anders as wat Dawid se graf vandag nog lyk, maar Dawid sien sy graf reeds gekoppel aan die graf van Christus. In Christus het nie Saul nie en ook nie die dood nie, die laaste sê oor Dawid. Christus het die laaste sê! Dawid kan midde-in die omstandighede waar hy met die dood gekonfronteer staan, Saul wil hom doodmaak, kan hy oor Saul heen kyk en hy kyk na Jesus Christus.

Die graf wat Dawid sy eie graf mee wil toemaak is Christus se oop graf. Dawid se Psalm, waar hy die dood nie vrees nie, waar die Here hom die pad van die lewe bekendmaak, kom eintlik daarop neer, as julle na my graf kyk moet julle uit die rigting van Christus se graf my graf nader. So leeg soos wat Christus se graf nou is, Christus het opgestaan, so leeg sal my graf ook wees - Hy sien homself aan Christus verbind, want in wat Christus kom doen het, is Dawid deur die Gees in Christus vervul. Christus het die dood kom oorwin, Christus het sy graf lewendig, netjies, skoon verlaat. Alleen die leë graf van Christus kan in my graf die dood en die doderyk oorwin. Christus wat lewe, ook oor Dawid se graf, is dieselfde Christus wat ons by ons eie grafte moet uitbring.

\*\*\*

Psalm 16 laat ons saam met Petrus op hierdie Pinksterdag na **ons eie graf** kyk. Daar kan ons 'n opstandingslied sing. Glo in Jesus Christus en glo in sy opstanding dan lewe jy al sterwe jy ook. Die Heilige Gees is die gevolg van die opstanding. Die feit dat daar Paasfees was, maak dat daar vir ons ook Pinkster kan wees. Alles in Psalm 16 kan alleen sin maak as dit gesien word in die lig van die gebeure rondom Kersfees, Paasfees en Pinksterfees.

\*\*\*

Dit is éintlik die kern van Petrus se preek op Pinksterdag. In die midde van Kersfees, Paasfees en Pinksterfees kan daar net Één wees, nl. Jesus Christus. Petrus wil die Jode vir wie hy daar preek maar ook vir ons dit baie duidelik op die hart druk, dat hierdie Jesus wat julle ( die Jode) gekruisig het, *laat die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het...* (Handelinge 2:36). Wie dit weet het reeds die Heilige Gees as gawe ontvang. So een is reeds net soos Dawid aan Christus verbind. Al sterf ons dan ook, ons word nie deur Christus vergeet nie. Selfs dié van ons wat nog moet sterwe, Christus sal ons nie vergeet nie.

Dit is wat ons by Pinksterdag moet besef. Die Heilige Gees het in ons sterflike liggame kom woon, sodat ons sterflike liggame ook deur die Gees lewend gemaak kan word. Ons hoef nie moedeloos te word nie. Selfs in hierdie dae en in hierdie tye wat ons nou lewe. Christus staan bokant ons lewe, ook bokant elke kind van Hom se graf en Christus sê vir ons - jou lewe behoort aan My, jou vlees sal rus in hoop, Ek sal jou siel nie aan die doderyk oorgee nie. Wie die Pinksterfees vier (en so wou Nagmaal vier), sal nie verderwing sien nie, maar lewe.

Dawid voel hom rondgejaag, weggedryf van sy erfenis, hy verkwalik Saul dat hy dit aan hom doen. Ek kan my nie aansluit by die erfdeel van die Here nie. Psalm 16 sluit Dawid hom daarby aan! Met Psalm 16 waar Dawid al in elke hoekie van sy land moes gaan wegkruip, 'n land klein uitgemeet, maar juis hier het God hom bewaar. In hierdie land, met sy klein mate, hier het God die meetsnoere vir Dawid op lieflike plekke laat val. Hier waar Saul hom wil doodmaak, hier onderhou God my lot. Die land mag klein wees, Dawid mag moeg wees, klomp dinge wat mense moeg kan maak, maar die Here bly die deel van sy erfenis. En dan daardie woorde wat die erfenis beskryf, die estetiese, die karakter daarvan, dié erfenis wat Dawid hom vuriglik by voeg nadat hy gevoel het hoe Sul hom daarvan wil wegdryf. Dit kom oor sy lippe, selfs al is hy benoud, die dood kan maar kom, maar MY ERFENIS IS VIR MY MOOI. Niks kan dit wat die Here ons wil skenk, lelik maak nie. Kan u dit nog in hierdie tyd, in hierdie land, in hierdie omstandighede waarin ons verkeer, bly uitroep - MY ERFENIS IS VIR MY MOOI!

Wanneer ons dit vandag saam met Dawid mag uitroep, broeder en suster, ons sluit ons in by Petrus se preek wat Psalm 16 sy teks was, dan is die groot vraag - glo jy waarlik in Psalm 16 wat in die geopende graf van Christus sy sin en vervulling vind. Is u deur die Gees van Pinkster in diepe verwondering oor die lewe in Christus. Dawid se verwagting in Psalm 16 is waarheid en werklikheid.

Die Here is deur Jesus Christus aan jou regterhand. Daar is geen sterker hand wat u kan vashou nie. Moet nie aan ander goed, ja moet nie aan afgode gewy wees nie. Dawid is gevul met weersin, met afsku as dit oor afgode begin gaan. *Die smarte van hulle wat 'n ander god met gawes vereer, sal menigvuldig wees...* Dawid wil hulle name nie eers uitspreek nie, sulke mense se name is vir

hom soos vloekwoorde! Tog is daar hulle wie Dawid graag hulle name op sy lippe wil neem. Dit is hulle wat hy die erfenis van die Here mee wil deel, Dawid noem hulle die *heiliges*... Watter pragtige woord, geheilig in Christus deur die Gees, dit is al hoe 'n mens 'n heilige kan wees. Vir die heiliges sê hy - *Hulle is die heerlikes in wie al my behae is...* God het 'n onvervreembare reg op al die heiliges, op al sy kinders.

Daarom kan jy by God veilig voel. By God kan jy skuil. Jy behoort aan Hom. Stel Hom altyddeur voor oë. Vers 9 dan sê Dawid - *DAAROM - Daarom is my hart bly en my eer juig...* Daarom is 'n woord wat gewoonlik nie alleen staan nie. *DAAROM* is die antwoord op die ander woord - *WAAROM*. God bring die waarom by die daarom. Christus se graf is leeg, daarom is Dawid se graf, maar ook ons eie grafte rede tot blydschap.

Die Heilige Gees wat Petrus in sy preek diep in die Woord van God laat delf, mag u dit ook wil doen. Wie in die Gees werk sal altyd met die Woord van God wil werk. Net soos wat Petrus op die Pinksterdag gemaak het. Kom ons in verwondering wees oor die werk wat God doen. Ons verwonder ons oor sy Woord, oor die graf wat leeg is...

In hierdie lewe, maar ook as u sterwe, dan is u graf en Christus se geopende graf reeds verbind. U moet soos Dawid aan die erfenis in Christus glo, glo dat hierdie band met Christus onverbreekbaar is. Dawid het dit geglo! Watter vreugde as daar bokant ons lewe, maar ook bokant ons sterwe geskrywe sal staan - Ter wille van die geopende graf van Christus sal ek jou siel nie oorgee aan die doderyk nie en jou vlees sal geen verderwing sien nie, omdat jy die Here altyddeur voor jou gesien het.

Amen.